BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Vrydag 2 Mei 1980 | WINDHOEK | Friday 2 May 1980 | No. 4136

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 103 2 Mei 1980

ORDONNANSIE, 1980: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:-

No. 6 van 1980 Wysigingsordonnansie op Paaie, 1980

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

A. F. van R. MOUTON
Acting Secretary: South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek.

No. 103 2 May 1980

ORDINANCE, 1980: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

No. 6 of 1980 Roads Amendment Ordinance, 1980

Ordonnansie No. 6 van 1980

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1980

(Goedgekeur 24 April 1980)
(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)
(Datum van inwerkingtreding 2 Mei 1980)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Paaie, 1972, ten einde die Uitvoerende Komitee te magtig om die breedte van die padreserwe van 'n geproklameerde hoof-, groot- of distrikspad of enige gedeelte daarvan te verminder; om die Uitvoerende Komitee te magtig om die breedte van die padreserwe van enige gedeelte van 'n geproklameerde pad te vermeerder; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:–

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 17 van 1972.

1. Artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (hieronder die Hoofordonnansie genoem) word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) (a) Die Uitvoerende Komitee kan die breedte van die padreserwe van 'n geproklameerde pad of enige gedeelte daarvan te eniger tyd vermeerder.

(aA) Die Uitvoerende Komitee kan die breedte van die padreserwe van 'n geproklameerde hoof-, groot- of distrikspad of enige gedeelte daarvan te eniger tyd verminder: Met dien verstande dat die breedte van sodanige padreserwe nie minder as dertig meter mag wees nie.

(b) Enige sodanige vermeerdering of vermindering van die breedte van die padreserwe van 'n geproklameerde pad word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekendgemaak.".

Wysiging van artikel 23 van Ordonnansie 17 van 1972.

2. Artikel 23 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" Die Uitvoerende Komitee kan -"; en

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1980

Ordinance No. 6 of 1980

(Assented to 24 April 1980)
(English text signed by the Administrator-General)
(Date of commencement 2 May 1980)

ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1972, so as to authorize the Executive Committee to decrease the width of the road reserve of a proclaimed trunk, main or district road or any part thereof; to authorize the Executive Committee to increase the width of the road reserve of any part of a proclaimed road; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Ordinance 17 of 1972.

1. Section 3 of the Roads Ordinance, 1972 (hereinafter referred to as the principal Ordinance) is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) (a) The Executive Committee may at any time increase the width of the road reserve of a proclaimed road or any part thereof.

(aA) The Executive Committee may at any time decrease the width of the road reserve of a proclaimed trunk, main or district road or any part thereof: Provided that the width of such road reserve shall not be less than thirty metres.

(b) Any such increase or decrease of the width of the road reserve of a proclaimed road shall be made known by notice in the *Official Gazette.*".

Amendment of section 23 of Ordinance 17 of 1972.

2. Section 23 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

" The Executive Committee may —"; and

Ordonnansie No. 6 van 1980

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1980

(b) deur subartikel (2) te skrap.

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Paaie, 1980.

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1980

Ordinance No. 6 of 1980

(b) by the deletion of subsection (2).

3. This Ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance, 1980. Short title.